


Gereformeerde Kerk

Windhoek-Suid

Kerkkantoor:

Schlettwein st. 64,
Pionierspark,
Windhoek
E-pos: gerefkerk.suid@iway.na
Tel. nr.: +264 61 24 4376



Predikant:

Dr. Paul de Bruyn
Sel. Nr.: 081 127 8238
Epos: paul@gkws.org

30 September 2022

Geliefde Lidmaat van Windhoek-Suid Gemeente!

DANKOFFERFEES VIR DIE HERE

Soos gebruiklik in die verlede, wil ons weer die DANKOFFERFEES aan u voorstel.

Ons is almal baie bewus van, en diep geraak deur die moeilike ekonomiese omstandighede in ons land. Hierdie omstandighede is die afgelope paar jaar vererger deur die Covid-19 pandemie, stygende rentekoerse en petrolpryse wat verhoog is.

Ten spyte van bogenoemde, kan ons as gemeente egter opreg die Here dank vir Sy besondere versorging op geestelike, sowel as materiële vlak en kon ons tot op hierdie stadium, steeds al ons verpligtinge nakom.

Ons wil ook baie dankie se aan al ons lidmate wat meer as hulle deel doen om seker te maak dat ons kan voortgaan met ons gemeente se werk hier in Windhoek. So kon ons byvoorbeeld die geboulening finaal terugbetaal en dit haal baie druk van ons maandelikse kontantvloei af.

Ons het egter steeds 'n addisionele poging nodig om seker te maak dat ons ook ons verpligtinge kan nakom in die maande wat voorlê. Daarom hierdie skrywe.

Die DANKOFFERFEES is 'n geleentheid waartydens elke lidmaat 'n spesiale eenmalige dankoffer kan afdra. Die DANKOFFERFEES is hierdie jaar vanaf 01 Oktober 2022 tot 31 Januarie 2023.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Paul de Bruyn'.

Daarom wil ons graag elke lidmaat aanmoedig, om deur die gee van 'n dankoffer, ons dankbaarheid op 'n tasbare wyse uit te leef en so te verseker dat die bediening van ons gemeente en die uitleef van ons visie kan voortgaan.

Deur lidmate se gawes, positiewe gesindheid en geldelike bydraes stel die Here ons in staat om verskeie dinge vir sy kerk en koninkryk te doen. Baie dankie ook vir u meelewing en voorbidding.

WAAROM DANKOFFER GEE?

- Ons gee dankoffers, omdat ons dankbaar teenoor God staan vir alles wat Hy vir ons gee en doen (2 Kor. 9:7).
- Ons wys daardeur dat ons glo dat alles wat ons het van God af kom (Mal. 3:10)
- Ons word deel van ons gemeente se bediening en help ons gemeente groei (2 Kor. 9:6).
- Ons help om die evangelie uit te dra in die wêreld en dit het tot gevolg dat God gedank word (2 Kor. 9:12).

Om die Dankofferfees 'n ware fees tot eer van die Here te laat wees, moet elkeen op die regte manier daarop voorberei.

- Onthou dat ons en alles wat ons is en het, aan die Here behoort. "Aan My behoort al die silwer, aan my behoort al die goud, sê die Here die Almagtige" - *Haggai* 2:8. "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daarin woon, alles behoort aan die Here" – *Ps.* 24:1. Daarom "behoort" niks van my geld en besittings aan my nie, ek is slegs bestuurder oor dit wat God in genade aan my toevertrou.
- Dink met dankbaarheid daaraan hoe die Here ons versorg deur ons persoonlike inkomste, dat Hy ons gemeente steeds instandhou, dat ons deel kan wees van sy groot opdrag om die evangelie uit te dra in die wêreld en bo alles dat Hy Homself volkome gegee het as offer om ons van ons sonde te verlos.

Die volgende teksgedeeltes kan ook vir die doel bestudeer word:

Ons offer moet die eerste van ons inkomste wees – *Eks.* 23:19, Dit moet die beste van ons oes wees, nie die afskeep deel nadat ek my eie huis gebou het nie – *Hag.* 1. Die Ou Testament praat van 'n tiende – *Lev.* 27:31. Dis met ander woorde 'n vaste deel wat ek aan die Here wil wy. Verder vra die dankoffer van my geloof dat die Here my sal seën om genoeg te hê om my eie huis te versorg. "Toets My, sê Hy, ek sal die sluise van die hemel vir julle oopmaak" – *Mal.* 3:10. "Maar as

julle my afskeep, sal dit wees asof julle beursies stukkend is en julle nooit genoeg het nie" – Hag. 1:6.

Daarom moet elkeen self in verantwoordelikheid besluit wat sy dankoffer sal wees. "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief." - 2 Kor. 9:7

Berei jou so biddend voor op die dankofferfees.

U kan 'n eenmalige bedrag gee of dit verdeel oor verskeie maande voor einde Januarie 2023.

Baie dankie vir u ondersteuning. Elke bydra maak 'n verskil. Nie ter wille van onself nie, maar tot uitbou van Sy Koninkryk!


U broers in Christus!

Dr. Paul de Bruyn



Predikant

Gys Louw



Voorsitter: Finansiële Kommissie

Bankbesonderhede:

Bank Windhoek

Naam: Gereformeerde kerk Windhoek-Suid

Tak: Lifestyle

Tak nr.: 483-871

Tjekrekening nr.: 103 539 2601

Verwysing: Naam & Dankoffer

Stuur bewys van inbetaling: E-pos adres: gerefkerk.suid@iway.na of Faks na nr. 061-225045.